Só kan nuwe ma's eis

Verwagtende ma's kan gedurende kraamverlof tot vier maande se werkloosheidsversekering eis indien hulle nie in dié tyd 'n volle salaris betaal word nie.

Volgens die departement van arbeid sal die meeste vir 'n bedrag gelykstaande aan 38% van hul gewone salaris in aanmerking kom, tot 'n maksimum uitbetaling van R4 676 (wat gelykstaande is aan 'n eisbedrag vir 'n salaristrekker wat maandeliks R12 478 verdien).

Waar 'n werknemer net 'n deel van haar gewone salaris gedurende kraamverlof ontvang, mag sy die verskil van die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) eis. Die totale bedrag wat sy van haar werkgewer en die WVF ontvang, mag egter nie meer as 100% van haar gewone maandelikse salaris wees nie.

Volgens Mom's UIF Assist, 'n agentskap wat vroue met die administrasie van hul WVF-eise bystaan, moet aansoekers seker maak dat hul werkinligting van die laaste vier jaar korrek aangeteken is by die departement van arbeid, onder meer die naam van die werkgewer en werkdatums.

Indien dié inligting verkeerd is, moet die aansoeker haar huidige en vorige werkgewers vra om 'n UI19-vorm in te vul.

Voorts sal aansoekers amptelike dokumente benodig wat hul bankbesonderhede bevestig, asook 'n dokument van 'n dokter of ginekoloog waarin die aansoeker se swangerskap bevestig word.

Ander dokumente wat benodig word, is ses maande se salarisstrokies, gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente, 'n huweliksertifikaat en 'n skeibevel asdie aansoeker se van verskil van dít wat op ander dokumente verskyn.

Wanneer moet ek my aansoek by die WVF indien?

Volgens die riglyne van die wet moet ma's agt weke voordat hul kraamverlof begin, hul aansoek om werkloosheidsversekering indien.

Nietemin kan die rekenaarprogram wat deur die departement van arbeid gebruik word, geen aansoeke verwerk voordat 'n aansoeker se kraamverlof begin nie.

Jy kan slegs aansoek doen as jou werkgewer jou nie 'n volle salaris betaal nie.

Die verwerking van jou aansoek duur tussen drie en ses weke, wat beteken dat jy jou eerste betaling waarskynlik nie in die eerste maand van jou kraamverlof sal ontvang nie.

Bron: Mom's UIF Assist

Vir hoe lank mag ek WVF-voordele eis as ek met kraamverlof is?

Jy mag vir hoogstens 121 dae (ongeveer 4 maande) kraamverlofvoordele eis. Die departement van arbeid bereken die volle tydperk van jou voordele volgens jou werkrekords van die voorafgaande vier jaar. Vir elke ses maande wat jy in dié tyd gewerk het, kom jy in aanmerking vir 'n maand se WVF-voordele, tot 'n maksimum van vier maande. As jou werkgewer nagelaat het om WVF-aftrekkings van jou salaris te maak, kan jy nie eis nie. Daar kan ook beperkings op jou voordele wees as jy in dié vier jaar werkloosheidsversekering ná werkverlies geëis het.

Bron: Mom's UIF Assist

Werkloosheidsfonds gee hand

Marlene Neethling, Johannesburg

As jy onlangs jou werk verloor het of dalk weens die moeilike ekonomiese omstandighede afgedank kan word, kan daardie 1% van jou salaris wat maandeliks afgetrek is vir die werkloosheidsversekeringfonds (WVF) dalk 'n bietjie verligting bring.

Dié fonds is in 2001 deur die departement van arbeid gestig met die doel om Suid-Afrikaners deur werkloosheid by te staan.

Jy en jou werkgewer dra elkeen maandeliks 1% van jou salaris tot die fonds by, met 'n salaris-hoogtegrens van R12 478 per maand.

Die fonds vergoed ook vir kraamverlof, aanneming, siekte en die dood van jou broodwinner, maar uitbetalings word nie gedoen in die geval van 'n bedanking nie.

'n Eis vir WVF-uitbetalings moet binne ses maande nadat iemand werkloos geword het, ingedien word by 'n arbeidskantoor. Jou ID-dokument, WVF-werkloosheidsvorm, bewys van bankbesonderhede, asook 'n bewys van registrasie as werksoeker, moet saamgeneem word.

'n Man loop verby 'n arbeidsentrum in Berlyn. Ekonomiese omstandighede wêreldwyd noop maatskappye tans om hul werkmag te sny en daar is baie afleggings. 'n Betaling van die werkloosheidsversekeringsfonds kan in moeilike tye uithelp. Foto: FABRIZIO BENSCH, REUTERS

Daar is wel toustaner-dienste waar iemand teen 'n ekstra heffing namens jou arbeidskantoor toe gaan, maar mnr. Isaac Modise, hoof van kommunikasie van die WVF, waarsku daarteen. Jou inligting is "nie verseker van vertroulikheid" as jy dit vir iemand van 'n toustaner-diens gee nie.

Die WVF werk op 'n kredietestelsel waar een krediet verdien word vir elke ses dae dat jy werk.

Die aantal krediete wat jy versamel, bepaal vir hoeveel dae uitbetalings sal geskied. Vier jaar werk besorg jou die maksimum krediete, 238, waarvolgens jy vir ses maande WFV-uitbetalings sal kry.

Die bedrag wat die WVF uitbetaal, word volgens 'n "komplekse metode" bereken wat onder meer jou salaris in ag neem, sê Modise.

Volgens die salarisskaal kan diegene met 'n inkomste van R12 478 (of meer) per maand, sowat 38% van dié bedrag per maand ontvang, terwyl iemand met 'n baie lae salaris 'n maksimum van 58% van sy of haar vorige salaris sal kry.

Modise sê egter ander faktore speel ook 'n rol by die berekening van die bedrag en dit is belangrik om te vra dat die WVF dit uitwerk. Volgens Modise behoort mense ná 'n besoek aan die arbeidskantoor te weet wanneer die eerste betaling is en hoeveel dit sal wees. "As iemand se inligting nie volledig is nie, sal dit 'n maksimum van vyf weke neem voordat hy of sy weet hoeveel die WVF gaan uitbetaal."

Die WVF se oproepsentrum kan gebel word by ☎ 012 337 1680 of besoek www.ufiling.co.za.